LAERSKOOL ANTON VAN WOUW

# GODSDIENSBELEID

# INHOUDSOPGAWE


1. Titel van die beleid
2. Effektiewe datum
3. Hersienings geskiedenis
4. Doel van die beleid
5. Datum van goedkeuring

**LAERSKOOL ANTON VAN WOUW**

# TITEL VAN DIE BELEID: GODSDIENSBELEID

## 2. EFFEKTIEWE DATUM: 2016

## 3. HERSIENINGS GESKIEDENIS

| | |
|---|---|
| **GEWYSIGING** | **1 JUNIE 2021** |
| | **1 JULIE 2024** |
| | **1 MEI 2026** |
| **DATUM VAN VOLGENDE WYSIGING** | |
| **1 JULIE 2027** | |

## 4. DOEL VAN DIE BELEID

1. INLEIDING

Die Laerskool Anton van Wouw ('die Skool') is 'n Openbare Skool in Gauteng Provinsie, gebonde aan die toepaslike Grondwetlike en wetlike bepalings wat Godsdiens[1]-beoefening[2] en Godsdiensonderrig[3] binne die skole in Suid-Afrika en in die Gauteng Provinsie reguleer.

In ooreenstemming met die toepaslike bepalings, is dit die verantwoordelikheid van die Beheerliggaam van die Skool ('die Beheerliggaam') om 'n Godsdiensbeleid te formuleer en aan die Gautengse Departement van Onderwys ('GDO') voor te lê.

Die Beheerliggaam erken dat dit 'n spesifieke verantwoordelikheid dra binne die gemeenskap waarin die Skool en die Beheerliggaam diensbaar is, ten opsigte van die Godsdiensbehoeftes van die Skool se Leerders.

2. Die Beheerliggaam is verbind daartoe om toe te sien dat:

   2.1 die godsdienstige behoeftes van die leerders en die gemeenskap wat gedien word, weerspieël is in die Skool;

   2.2 leerders en hulle ouers se vryheid van keuse gerespekteer word, asook dat niemand se grondwetlike regte benadeel sal word deur godsdiensbeoefening nie;

   2.3 dat onderrig aan die Skool sal plaasvind binne 'n positiewe waardesisteem wat medemenslikheid, diensbaarheid, respek en liefde vir die naaste reflekteer;

   2.4 daar voldoende geleentheid by die Skool is om hierdie beleid prakties uit te voer.

Godsdiensbeoefening binne die Skool is oorwegend Christelik van aard en karakter, gegewe die behoeftes en geloofsamestelling van die huidige leerderskorps. Dit vind neerslag in saalbyeenkomste en die opening van verskeie aktiwiteite van die Skool.

Desnieteenstaande erken die Beheerliggaam dat nie alle leerders tot die Christelike geloof behoort nie.

3. Die Beheerliggaam respekteer die diversiteit van gelowe, en is verbind tot die bevordering van respek vir religieuse diversiteit en toleransie. Dit sluit in dat:

3.1 Godsdiensbeoefening binne die Skool sal fokus op die bevordering van universele waardes wat neerslag vind in 'n verskeidenheid van gelowe, en nie uitsluitend in karakter sal wees nie;

3.2 Die Skool kennis sal neem van religieuse vakansiedae van die verskeidenheid van gelowe van die gemeenskap, en dus:

3.2.1 aan Leerders die geleentheid sal gun om sodanige religieuse vakansieae te eerbiedig en te vier;

3.2.2 waar moontlik, poog om nie toetse of belangrike Skoolgeleenthede te skeduleer op religieuse vakansiedae nie;

3.3 Die Skool die geleentheid sal gee aan geloofsgroeperinge van Leerders en/of Opvoeders wat 'n klub of vereniging wil stig (bv. 'n Joodse-vereeniging of Moslem-klub) om dit te doen en om die skool se fasiliteite vir die aktiwiteite te gebruik, op grond van redelike beginsels soos ooreengekom met die Skoolbestuur;

3.4 Leerders redelikerwys verskoon sal word tydens skool-ure vir voorgeskrewe godsdiensbeoefening.

4. Geen Opvoeder sal 'n Leerder of mede-Opvoeder verplig om sy of haar geloofsoortuiging bekend te maak nie, en geen Opvoeder mag:

4.1 diskrimineer teen 'n Leerder op grond van die Leerder se geloof nie; en/of

4.2 poog om 'n Leerder te oortuig om die Opvoeder se geloofsoortuiging te volg nie; en/of

4.3 voorhou dat 'n Leerder se geloof minderwaardig is nie; en/of

4.4 enigsins 'n Leerder uitsonder op grond van geloofsoortuiging nie.

Gegewe die verbintenis tot respek vir godsdiensvryheid en diversiteit, is die Beheerliggaam verbind daartoe dat leerders en opvoeders nie verplig is om enige godsdiens-aktiwiteit by te woon en/of daaraan deel te neem nie. Opvoeders en leerders sal die bepaalde godsdiensbeoefening vrywillig kan bywoon.

Leerders wat die keuse uitoefen om nie Godsdiensbeoefening by te woon nie, sal tydens skool-ure aanmeld by 'n lokaal of lokale wat duidelik geïdentifiseer word, sonder dat die Leerder vereis word om die rede vir die keuse bekend te maak. Daar sal te alle tye toesig wees in bg. lokaal.

Godsdiensonderrig sal ooreenkomstig die Nasionale Beleid oor Godsdiens en Opvoeding geskied. Dié onderrig maak deel uit van die vak Lewensoriëntering en sluit inligting van verskeie godsdienste in.

Die Beheerliggaam is verbind daartoe om daadwerklik toe te sien dat ons Leerders, Ouers, die Bestuurskorps asook die Onderwyserskorps, hierdie beleid sal eerbiedig.

**5. DATUM VAN GOEDKEURING**

| | |
|---|---|
| **Mnr. S.G. Gouws** | **Me. O.W. Klopper** |
| **BEHEERLIGGAAM VOORSITTER** | **HOOF** |
| **DATUM: Mei 2026** | |

.**'Godsdiens'** – verwys na die omvatende en fundamentele oriëntasies in die wêreld, met bepaalde verwysing na heilige, spirituele en nie-sekulêre oortuigings; vereis toewyding; sluit georganiseerde vorme van geloof en sekere wêreldbeskouinge in, en word ook kollektief gebruik om na daardie organisasies te verwys wat opgerig is ten einde hierdie oortuigings te beskerm en te bevorder.
**2.'Godsdiensbeoefening'** – dui op daardie aktiwiteite of optrede wat aan die waardes van 'n bepaalde geloof of oortuiging uiting gee, en sluit onder andere: bidure, skriflesing, kleredrag en diëte in.
**3.'Godsdiensonderrig'** – verwys na 'n program met inligting oor 'n bepaalde godsdiens wat ten doel het om navolging van daardie bepaalde godsdiens te bevorder. Die Beheerliggaam beskou die huisgesin en geloofsgemeenskap as die hoofvoorsieners van godsdiensonderrig. Die skool is 'n opvoedkundige instelling, en godsdiensonderrig maak dus nie deel uit van die formele skoolprogram nie. Die skool sal wél sy geriewe vir sodanige programme beskikbaar stel, met dien verstande dat godsdiensonderrig nie met die formele opvoedkundige doelwitte van die skool inmeng nie.